

Die SA oggendstond het te min goud in die mond

Die rand het pas die R7,50-vlak teenoor die Amerikaanse dollar getoets – die geldeenheid se sterkste vertoning sedert die stormagtige verval van Lehman Brothers verlede jaar.

Terselfdertyd het die Reserwebank bekend gemaak dat die land se netto buitelandse-valutareserwes verlede maand met 6,6% tot \$37 miljard gestyg het – iets wat Suid-Afrikaners hulle kwalik 'n paar jaar gelede kon voorstel.

Aanduidings is dat die rand in die komende paar weke tot sowat R7 per dollar kan verstewig as die eenheid deur 'n weerstandsvlak van net onder R7,50 breek, asook die daaropvolgende weerstandsvlak by R7,20 per dollar.

Die rand het tot dusver vanjaar reeds met 26% teenoor die dollar verstewig en met 20% teenoor 'n handelsgeweegde mandjie van geldeenhede.

Die sterker rand is deels 'n weerspieëling van internasionale beleggers se bereidwilligheid om meer risiko te aanvaar en Suid-Afrikaanse aandele en effekte op te neem. Netto portefeulje-invloeië het in die tweede kwartaal R28,7 miljard bedra, 'n toename van R9 miljard teenoor die eerste kwartaal.

Die probleem is egter dat die sterker rand 'n demper plaas op dit wat die land hoop om uit die herstel in die wêreld ekonomie te kry in die vorm van hoër hulpbronpryse en in 'n vraag na uitvoer. Hierteenoor kan 'n swakker rand 'n ekonomiese herstel in Suid-Afrika aanhelp. Die beste manier om dit te behaal, is juis om reserwes tot hoër vlakke op te bou.

Saam met die sterker rand het die goudprys vandeeweek vir die derde keer in die geskiedenis deur \$1 000 per fynons gebreek.

Ongelukkig blyk dit Suid-Afrikaanse mynmaatskappye gaan nie soveel voordeel daaruit trek nie as gevolg van 'n daling in produksie en 'n sterker rand teenoor die dollar.

Volgens syfers van die Kamer van Mynwese het die land se goudproduksie in die tweede kwartaal met 9,3% teenoor dieselfde tyd verlede jaar gedaal. Dit is nadat goudproduksie verlede jaar as gevolg van probleme met kragverskaffing en laer ertsgrade tot die laagste vlak in 86 jaar gedaal het. Sodoende het Suid-Afrika tot die derde grootste goudprodusent ter wêreld naas China en die VSA teruggesak.

Die uitdaging wat goudmyne moet trotseer, is dat Suid-Afrika se goudproduksie reeds jare aan die daal is.

Goud moet dieper teen hoër koste gemyn word en strenger veiligheidswetgewing lei tot laer ertsgrade.

Faktore wat die goudprys dryf, sluit in onsekerheid oor die moontlikheid van 'n regstelling op die aandelemarkte, bespiegeling dat sentrale banke tans goud aankoop, Amerikaanse maatreëls teen

handel in afgeleide instrumente wat beleggings na fisiese bates laat verskuif en groter beleggingsvraag na goud.

Terwyl beleggings- en spekulatiewe vraag na goud teenoor fisiese vraag die prys opstoot, is daar vrae oor die volhoubaarheid van die oplewing. Die swakker Amerikaanse dollar en vrese vir inflasie in die lig van wêreldwye fiskale stimulus blaas ook aankope van die edelmetaal aan.

Dit is terwyl 'n hoër goudprys in wese 'n voorspeller van inflasie is. Rentekoerse sal dus dalk moet styg om inflasie te bekamp, wat ekonomiese groei kan demp.

Wat egter meer van belang vir Suid-Afrikaners moet wees, is nie die \$1 000-vlak wat die goudprys in dollar oorgesteek het nie, maar die R10 000-vlak van die goudprys in rand. Dié vlak is nog net een keer in die geskiedenis getoets en dit was Februarie verlede jaar.

- Shaun van den Berg is hoof- tegniese ontleder vir PSG Online.